**31 Julie**

Skrifgedeelte: Habakuk 2:1-20

# Dis hoe God reg handhaaf

Habakuk weet dat ons soms op God se antwoorde moet wag. Hy gaan daagliks na sy gewone bid- en uitkykplek. Habakuk weet: Hier sal God na hom kom op die regte tyd. God se tyd is ook vir ons die regte tyd om die Woord te ontvang.

Habakuk vertel hoe die Woord ons kan ruk: *"Ek het gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan"* (3:16). Wie sidder nie as God naby ons kom nie? Tog vind hy dadelik ook vrede: God is in beheer.

In opdrag van die Here skryf hy die Godswoord op kleitablette sodat verbygangers dit kan lees. Hier is die kern: *Die oordeel van die Here kom beslis oor die sondige volk, en dit kom spoedig. Daar is egter hoop: Wie reg doen en getrou bly aan die Here en sy wet, sal lewe.* God sal die opregtes dra en beskerm. Dis 'n belofte. Op hierdie wyse handhaaf God die reg van syne.

Verder kondig die Here aan hoe Hy die verwaande Galdeërs gaan straf. God weet reeds vooruit wat hulle gaan doen en kondig reeds vyf oordele aan (kyk vs 6, 9, 12, 15 en 19). Niemand kom met onreg weg nie. Ook hulle wat God se straf uitdeel, moet boet vir hulle onreg.

Wees gerus, ons Here sorg vir regshandhawing. Hy doen dit deur sy knegte op aarde, maar Hy doen dit ook self regstreeks uit die hemel deur Christus, die Koning van alle konings.

Sing: Psalm 75:3, 4

Dr NP Heystek (Emeritus)